



DIE KULTURBESKOUIING VAN

R.J. RUSHDOONY

deur Slabbert Le Cornu¹

Dr. R.J. Rushdoony
(1916-2001)

1. INLEIDING

Dr. Gary North, ekonoom en filosoof, meen tereg dat daar baie redes bestaan waarom die kerk oor die algemeen, maar veral hedendaagse Calvinisme, geestelik en intellektueel so bankrot is, veral wanneer die Calvinisme gekonfronteer word met verskillende hedendaagse kultuurvraagstukke. Hy skryf:

Die intellektuele en geestelike leiers van die Calvinisme, het vir drie eeue lank, vrywilliglik die kulturele relevante aspekte van Calvinisme geïgnoreer, deur die dominante humanistiese lewensbeskouing te aanvaar wat op sy beurt die Kerk gefiltreer het. Geleidelik het die Calvinisme selfs die idee van die Christendom ('n Christelike kultuur – SLC) verlaat – wat juis een van Johannes Calvyn se fundamentele veronderstellings was, en wat ook die vorige erfenis van Augustinus was.²

North gaan dan voort om te wys dat tussen 1660 en 1789 - min of meer die bloeitydperk van die Verligting - het die verligtingsdenkers die basiese outentieke Calvinistiese leringe geneem en dit versekulariseer. Hulle het die Bybelse inhoud verwyder en dit gevul met 'n mensgesentreerde wêreldbeeld, wat soos ons vandag weet, die dominante paradigma in die Weste is. Hy beskryf dat:

- die soewereiniteit van God, verskuif het na die soewereiniteit van die mens, natuur en geskiedenis,
- die priesterskap van alle gelowiges het verander in die broederskap van alle mense in die politiek,
- God se wet en die mens wat dit toepas in die hele lewe, het die fondament geword van die moderne wetenskap en tegnologie,
- God se seën en vloeke - Sy sanksies in die geskiedenis - het die konsep van die 'impersonal market forces of supply and demand' geword, en laastens,
- die Puriteinse visie van die oorwinning van God se koninkryk in die geskiedenis, het die fondament geword van die Verligtingsmens se idee van die mensdom se onkeerbare vooruitgang, volgens sy eie vermoë.³

Hierdie gesekulariseerde fundamente is ongelukkig later weer deur die kerk opgeneem, met die sogenaamde 'verchristeliking' van die natuurreg-ideologie, sonder om dit weer te herstel in sy Bybelse verbondsinhoud, sodat dit beteken het dat die paganistiese denke van die Verligting die kerk geleidelik ondergrawe het, om sodoende kompromieë met die wêreldse denke aan te gaan. Dus, terwyl die verligtingsdenkers die Bybel in humanistiese waters probeer doop het, het die Calviniste die natuurregleer in Bybelse waters probeer doop! Die gevolg is in die woorde van Francis Schaeffer, dat die gemiddelde kerkmens vandag 'voel' soos Christene, maar nie 'dink' soos Christene nie.

¹ Lesing gegee by die *Esra Instituut* se Verbondseminaar in 2000, onder die tema "Christus en Kultuur". Slabbert is predikant van die GK Carletonville en direkteur van die *Esra Instituut* wat ook die *Pro Regno* tydskrif uitgee.

² *Westminster Confession: The Abandonment of Van Til's Legacy*. [Texas: ICE, 1991], p. x.

³ *Ibid.*, p.x

Na die aanslag van veral die Verligting, asook die 18de- en 19de-eeuse piëtisme en revivalisme as afgewaterde reaksie daarop, is die Bybel nie meer beskou as die finale en hoogste openbaringsboek en gesagsboek vir die moderne mens nie. Dit het verreikende implikasies gehad vir beide kerk en samelewing. Die Bybel het nog gesag gehad vir die mens se persoonlike lewe, die gesin en kerk, maar vir die res van die lewe, nl. wetenskap, geskiedenis, maatskappy, reg, politiek, ekonomie, ens., het dit geen meer gesaghebbende boodskap gehad nie.

Teenoor hierdie verval, het daar in die 19de en 20ste eeu, 'n positiewe reaksie van die Calvinisme se kant gekom, en het groot en belangrike calvinistiese denkers soos Kuyper, Bavinck, Schaeffer en Van Til, om maar net 'n paar te noem, opnuut die koningsheerskappy van God erken en bely oor alle terreine van lewe en denke. Om verskeie redes, is daar is egter nie werklik gepoog om 'n *eksplisiete* bybelse inhoud aan hul christelike samelewingsbeskouings te gee nie, en waar daar wel gepoog is, was dit ongelukkig wel met 'n goeie mengsel van natuureg gedagtes (spesifiek Kuyper se algemene genadeleer). Gary De Mar, skryf daarom tereg:

Vanaf Kuyper tot Schaeffer is dieselfde temas beklemtoon: (1) God is soewerein oor die hele lewe, (2) die Bybel is van toepassing op elke terrein van die samelewing, (3) God se wet is die standaard vir reg en geregtigheid vir mense en volke, en (4) vind ons nêrens 'n uitgewerkte sisteem wat ons kan wys wat die partikulêre implikasies van die gereformeerde wêreldbeskouing is nie, behalwe in die werke van die Christelike rekonstruksioniste (waaronder Rushdoony die leiding geneem het met sy *Institutes of Biblical Law* – SLC).⁴

Hier lê dan, myns insiens, die belangrikheid en betekenis van Rushdoony se bydrae tot die Christendom. *Eerstens*, negatief gestel, wil hy epistemologies selfbewustelik totaal breek met die natuureg teologie, filosofie en die sosiale kontrak idees – wat in die lyn van die Griekse, Romeinse en Verligtings-rennaissance denkers – vandag die fondament vorm van die moderne pluralistiese humanistiese samelewingsorde, en, *tweedens*, positief gestel, wil hy daarteenoor 'n konsekwente, eksplisiete bybelse sosiale orde (met bybelse inhoud) stel, gefundeer in die gereformeerde geloof en lewensbeskouing.

Teenoor die hedendaagse humanistiese natuureg demokrasie en lewensbeskouing, wat ook deur baie moderne calviniste (apaties/pessimisties) aanvaar word, roep Rushdoony op tot die terugkeer en verdere reformasie van die outentieke reformatoriese bybels-teokratiese Christendom, soos ons dit vind in ons reformatoriese erfenis van manne soos Augustinus, Calvyn, Knox, Rutherford, ens.⁵

⁴ In Gary North (ed.), *Theonomy: An Informed Response* (Tyler, Texas: ICE, 1991), p 64.

⁵ "The post-millennial kingdom in history grows on die basis of God-blessed -positive sanctions-proclamation of the gospel of God's saving grace. *God's Word does not return to Him culturally void*. As God's kingdom expands in history, it produces an explicitly Christian and biblical culture, Christendom, by means of the comprehensive application of biblical law. In this sense, the kingdom of God is a true civilization, one which rivals all other civilizations in history. It is a kingdom that has three aspects: heavenly, spiritual, and institutional. The defenders of the various humanist kingdoms deny both the heavenly and the supernaturally spiritual aspects of civilization, while pietism denies the institutional aspects (outside family and church). As Rushdoony has said, humanism denies God but affirms history, while pietism affirms God but denies history. Theonomy affirms both God and history. It is in this sense a creationist worldview It proclaims Calvin's view of history: the Creator God of the Bible decrees all that comes to pass in history The connection between God and history is judicial: God's law-based, sanctions-governed covenant. This covenantal view of history can be summarized as follows: The absolute sovereign God governs every historical fact in terms of His authoritative revealed Word in history, the Bible, which declares His comprehensive, special revealed law, with its judicially mandatory sanctions (both positive and negative), in order to implement progressively His universal kingdom (civilization) in history: Christendom." - Kenneth L. Gentry, *He Shall Have Dominion: A Postmillennial Eschatology* (Tyler, Texas: ICE, 1992), p.143.

Juis as gevolg van die krisis wat heers in die moderne Calvinisme en die kerk se kultuurbeskouings, wat betref ons as gelowiges se roeping ten opsigte van kultuur, daarom is dit belangrik om vandag te kyk wat ons kan leer van Rushdoony se kultuurbeskouing, soos dit ook vir ons van toepassing kan wees in die Suid-Afrikaanse situasie. In vergelyking met die twee vorige teoloë wie se kultuurbeskouings behandel is, naamlik die van Totius en Schilder s'n, is Rushdoony buite die VSA, nog 'n heel onbekende figuur. Daarom is dit nodig om ook vir 'n oomblik kortliks stil te staan by die persoon en lewe van R.J. Rushdoony self.

2. BIOGRAFIE⁶

Rousas⁷ John Rushdoony is gebore in New York, op 25 April 1916. Sy ouers, gebore Armeniërs,⁸ en het in 1915/16 die Turkse slagting van Armenië ontvlug. Sy pa was 'n presbiteriaanse predikant wat beide in Armenië en by die Universiteit van Edinburg, in Skotland gestudeer het. Rushdoony self, het die volgende studie kwalifikasies behaal:

- BA (Engels) by die Universiteit van Kalifornië (1938)
- MA (Opvoeding) ook by die Universiteit van Kalifornië (1940)
- B.D. van die Pasifiese Skool vir Godsdiens, Berkeley, Kalifornië (1944)

In 1944 word hy deur die San Fransisco Presbiteriaanse Kerk (VSA), verordineer as predikant en word hy en sy vader so, die agtste geslag van vader en seun wat in die bediening staan. Rushdoony was dadelik oortuig van die roeping na die sendingveld, en vir die volgende twaalf jaar het hy as sendeling onder Chinese Amerikaners in San Francisco, en die Paiute en Shoshone Indiane in reservate gewerk. As iemand wat daagliks die verhale gehoor het van sy ouers [en hul kuiersgaste, aangaande die vervolging en swaarkry wat Christene beleef het onder die Turke in Armenia, het Rushdoony se hart uitgegaan aan die Chinese en Indiane wat aan allerlei verontregting en misbruik blootgestel was.

In 1958 verlaat Rushdoony die Indiaanse nedersetting en word predikant by die Trinity Presbiteriaanse Kerk in Santa Cruz, Kalifornië, waar hy in die bediening staan totdat hy in 1962 by die *William Volker Fund*, 'n studie en navorsingsentrum aansluit. In 1965 stig hy die *Chalcedon Foundation*, wat daarop gemik was en nog steeds is om Christelike navorsing en geleerdheid te bevorder tot diens van die kerk en Christendom wêreldwyd.⁹

⁶ Sien die volgende bronne: J.G. Child se M.A (Teologie) tesse, *Biblical Law in the Theology of R.J. Rushdoony: A Systematic Theological analysis and appreciation* [Unisa: 15 Junie 1985], p.4-6, A. Sandlin (red), *A Comprehensive Faith: An International Festschrift for Rousas John Rushdoony* (San Jose, CA: Friends of Chalcedon, 1996), p.21-29.

⁷ *Rousas* beteken huis, dorp of fort en is 'n armeniese naam wat so ver as 630 v.C. teruggevind word in die Urartan konings.

⁸ Hierdie term moet nie misgis word met die term *Arminiane* nie. *Arminiërs* is inwoners van die land Armenië, geleë aan die grense van Turkye en Iran *Arminiane* is die volgelinge van Jacobus Arminius (1560-1609) se verderflike leer.

⁹ "CHALCEDON (kal*see*don) is a Christian educational organization devoted exclusively to research, publishing, and to cogent communication of a distinctively Christian scholarship to the world at large. We make available a variety of services and programs, all geared to the needs of interested ministers, scholars and laymen who understand the propositions that Jesus Christ speaks to the mind as well as the heart and that His claims extend beyond the narrow confines of the various institutional churches. We exist in order to support the efforts of all orthodox denominations and churches. Chalcedon derives its name from the great ecclesiastical Council of Chalcedon (A.D. 451), which produced the crucial Christological definition: 'Therefore, following the holy Fathers, we all with one accord teach men to acknowledge one and the same Son, our Lord Jesus Christ, at once complete in Godhead and complete in manhood, truly God and truly man...' This formula directly challenges every false claim of divinity by any human institution: state, church, cult, school, or human assembly. Christ alone is both God and man, the unique link between heaven and earth. All human power is therefore derivative: Christ alone can announce that "All power is given unto me in heaven and in earth" (Matthew: 28:18). Historically, the Chalcedonian creed is therefore the foundation of Western liberty, for it sets limits on all

Vanuit hierdie Stigting is die *Chalcedon Report*¹⁰ geloods, wat die afgelope drie dekades tot op hede, maandeliks verskyn, terwyl daar onder die vaandel van *Ross House Books* verskeie publikasies van Rushdoony en ander skrywers verskyn het. Vanaf 1965 tot vandag toe, is dr. Rushdoony voltyds besig met navorsing, lesings aanbied en verdere skryfwerk, alhoewel hy vandag op 83 jarige ouderdom, nie meer so aktief kan wees soos voorheen nie. Uit sy hand het 'n meer as dertig boeke verskyn en 'n groot verskeidenheid van artikels, waaronder die belangrikste boeke, na my mening, die volgende vyf werke is:¹¹

- Institutes of Biblical Law (3 vol.)
- Foundations of Social Order: Studies in the Creeds and the Councils of the Early Church
- The One and the Many: Studies in Philosophy of Order and Ultimacy
- The Messianic Character of American Education
- Systematic Theology (2 vol.)

Daar was verskeie persone en gebeure, wat 'n groot invloed uitgeoefen het op Rushdoony se lewe. Hyself skryf soos volg oor die vormende invloede op sy lewe:¹²

"As 'n kind het my lewe om die kerklike lewe gedraai, ek was opgevoed met die Bybel, in die atmosfeer van gebed en 'n christelike gemeenskap Hierdie invloede was Armenies¹³ en Presbiteriaans. Dit was veral die invloed van die boek Job wat van my 'n Calvinis gemaak het ¹⁴ *Tweedens*, het ek diverse teologiese invloede gehad tydens my opleidingsjare. Dit was veral die kerk historici, George Hunston Williams en dr. Ernst Kantorwics wat my 'n groot waardering vir die kerkgeskiedenis, en die stryd van die kerk deur die eeue gegee het. *Derdens*, het ek as sendeling en predikant op my eie 'n sistematiese studie van die Bybel aangepak. Ek het elke oggend drie ure daaraan gespandeer om 'n hoofstuk 'n dag te bestudeer, waarin ek verskeie kommentare geraadpleeg het, en waar ek ook my eie notas en opmerkings bygevoeg het. *Vierdens*, het ek nog altyd geglo die geloof moet relevant wees vir die tye en omstandighede waarin ons lewe. Daarom het ek so wyd as moontlik kontemporêre werke van ons tyd gelees, want dit is tot hierdie kontemporêre wêreld wat ons moet spreek. *Vyfdens*, was die invloed van Cornelius van Til natuurlik baie belangrik. Ek het kort na die publikasie van sy werk *New Modernism*, dit gelees en dit vir my voorgekom asof dit die filosofiese analog van die boek Job was.

Dit is Van Til se werk wat die fokus verskaf het vir dit wat ek in die Skrif gelees het en vir die verskillende studies wat ek gedoen het. *Sesdens*, is my postmillennialisme die produk van die konstante bestudering van die Skrif, aangesien die Skrif die triomfantlike heerskappy van God so duidelik stel. Ek het hard probeer om amillennialisme en premillennialisme te probeer verstaan en respekteer, veral omdat soveel godsvresende manne in beide geglo het, maar ongelukkig het dit vir my gelyk asof hulle te veel van die Skrif verwaarloos en daardeur 'n implisiete ontkenning van die opstanding en krag van ons Here

authoritarian human institutions by acknowledging the validity of the claims of the One who is the source of true human freedom (Galatians 5:1)." Sien vandag: www.chalcedon.edu.

¹⁰ Oktober 1965 het die eerste een bladsy uitgawe verskyn, en vandag (Jan.2000) sal nommer 414 van hierdie 30 bladsy lange tydskrif verskyn, D.V. Teken gerus in op hierdie reformatoriese tydskrif by: *Chalcedon Report*, P.O. Box 158, Vallecito, CA 95251, USA.

¹¹ Sien die volledige lys van werke hierna Van die boeke is beskikbaar by die ICKS adres.

¹² 'n Brief aan JG Child, gedateer 21 Maart 1983. Sien *Child*, *ibid*, p 4,5

¹³ Vgl.voetnota 8.

¹⁴ R.J. Rushdoony, *By What Standard?: An analysis of the Philosophy of Cornelius van Til* (Tyler, Texas: Thoburn Press, [1958] 1983), p,188e.v.

voorstaan.¹⁵ *Laastens*, my siening oor Bybelse reg (wet – SLC), het van twee bronne gekom: die lees van die Skrif vandat ek 'n kind was, en die kennis wat ek van die kerkgeskiedenis opgedoen het. Ek het as kind die Bybel van kant tot kant deurgelees,¹⁶ en het altyd geglo dat as God sy wet gee, dat Hy dit bedoel het. In my kollegejare en vroeë bediening is daar gefrons oor sommige van my sienings, en daarom het ek stilgebly en 'n deeglike studie van my onderwerp gedoen, totdat dit vorm aangeneem het in die publikasie van die *Institutes of Biblical Law*."

Met hierdie biografiese agtergrond kan ons nader beweeg na Rushdoony se kultuurbeskouing via sy algemene teologiese denke.

3. TEOLOGIESE DENKE

"Die ewige waarhede Gods en die onveranderlike grondbeginsels, wette en ordinansies in Sy Skepping staan vas. Hierin vind die Calvinisme sy vaste, sy *statiese* fondament. Maar die Calvinisme is ook *dinamies*, omdat dit aktief deelneem aan 'n wêreld vol energie, aan 'n lewe vol ontwikkeling en aan 'n geskiedenis vol voortgang. Sy Christelikheid sweef nie bo die mensdom nie, maar deurdring as lewens- en wêreldbeskouing, as koersbepalinge en as lewenswandel sy hele lewe... Waar tye verskil, elk met sy besondere omstandighede en probleme, en dus oom met sy besondere roeping, daar neem die Calvinisme ook in die differensiasie van die eeue sy onderskeie, tydsbepaalde vorme aan."

– Prof. dr. H.G. Stoker¹⁷

In die lig van hierdie aanhaling, kan tereg beweerd word dat Rushdoony se Calvinisme gelei het tot 'n verdere teologiese en historiese ontwikkeling in die tradisionele Calvinisme, soos dit geslyp en gevorm is deur Cornelius van Til se epistemologie en apologetiek.¹⁸ Om Rushdoony se teologiese denke en bydrae dus in die regte verband te sien, is dit kardinaal om kortliks net die hoofpunte te noem, van Cornelius van Til se apologetiese en filosofiese denke, veral ook gesien in die lig van die implikasies wat dit gehad het op die denke van Rushdoony.

Cornelius van Til

Rushdoony som van die teologiese en filosofiese standpunte van Van Til, soos volg op.¹⁹

1. Die Soewereiniteit van die Drie-enige God en Sy raadsplan word voorveronderstel, i.p.v. die outonomie van die mens se denke.
2. Die uitgangspunt is die God van die Skrif, die Bybel as die onfeilbare Woord van God.
3. In terme van die soewereiniteit van God en Sy onfeilbare Woord, bevestig van Til die leer van die skepping.
4. Die leer van die Drie-enige God moet sentraal staan.

¹⁵ Sien *Eschatology* hoofstuk in R.J. Rushdoony, *Systematic Theology*, vol.2 (Vallecito, CA: Ross House Books, 1994), p. 785-898; R.J. Rushdoony, *God's Plan for Victory; The Meaning of Postmillennialism* (Vallecito, CA: Chalcedon Foundation, [1977] 1997). Vir die mees volledige behandeling en verdediging van die post-millennialistiese eskatologiese beskouing, sien: Dr.K.L. Gentry, *He Shall Have Dominion: An Postmillennial Eschatology* (Tyler, Texas: Institute of Christian Economics, [1992] 1999).

¹⁶ Rushdoony se seun, Mark Rousas Rushdoony skryf oor sy vader: "By his teens he had read the Bible half a dozen times or more." A.Sandlin (ed.), *ibid.*, p.23.

¹⁷ *Oorspang en Rigting*, band I (Kaapstad. Tafelberg-Uitgewers, 1967), p.349.

¹⁸ A. Sandlin, *ibid.*, p.7

¹⁹ Vir meer inligting oor Van Til se apologetiek, sien: Van Til se eie werk: *Defense of the faith* en. Greg L. Bahnsen, *Van Til's Apologetic: Readings and Analysis* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1998).

5. Eenheid en verskeidenheid, o.g.v. God se ewige Drie-eenheid, moet albei gelyk gehandhaaf word, in die mense se totale lewe en denke.
6. Daaruit vloei dit dat die tydelike drie-eenheid oftewel die tydelike eenheid en verskeidenheid van die skepping ook albei tegelyk gehandhaaf moet word.
7. Alles in die skepping, beide eenheid en verskeidenheid, staan as God se skepping onder God en Sy Wet.
8. Die wêreld is 'n wêreld van doel en betekenis, omdat dit totaal onder God staan, Sy eiendom is en absoluut deur Hom bestuur en bepaal word.²⁰

Uit hierdie hoofpunte, volg dan die volgende vertrekpunte, wat sentraal staan in Rushdoony se denke:

1. Die selfverklarende, selfgetuigende Christus van die Bybel.
2. Die 'common ground' tussen gelowige en ongelowige in die wêreld, is wat die Skrif verklaar dit is, naamlik dat elke mens geskape is na die beeld van God en leef in God se skepping. Elke feit van die skepping konfronteer die mens dus met God se bestaan. Geen mens kan God ontsnap nie.
3. Alle mense is afhanklik van God se kennis
4. Die Christendom alleen is rasioneel om aan te hang. Enige ander siening is irrasioneel aangesien net die Christelike siening nie die rede 'slag op die altaar van toeval nie.
5. Argumentasie uit vooronderstelling. Die enigste 'bewys' van die Christendom is dat as die waarheid nie voorveronderstel kan word nie, dan is dit nie moontlik om enigiets te 'bewys' nie.
6. Slegs deur die Heilige Gees word die mens se oë geopen om die duidelike bewyse te sien soos dit werklik is.
7. Laastens, in die woorde van Van Til self: "bied ons die boodskap en bewys vir die Christelike posisie so duidelik as moontlik, wetende dat omdat die mens is wat die Christen sê hy is, die nie-Christen sal verstaan in 'n intellektuele sin, watter sake wel betrokke is. As ons dit doen sal ons in 'n groot mate hom vertel wat hy alreeds weet, maar besig is om te onderdruk (Rom. 1:18). Hierdie herinneringsproses skep die nodige vrugbare grond vir die Heilige Gees wat in sy soewereine genade die nie-Christen bekering kan skenk sodat hy die ewige lewe mag ontvang."²¹

Uit hierdie opsomming van Van Til se denke, kom dit duidelik na vore wat Van Til se groot bydrae of sterk punt was. Deur sy apologetiese metode het hy gepoog om die totale natuurregisteem op die terrein van die teologie, apologetiek, filosofie, ens., af te breek. Die leer van vir of teen Christus, geld tot in die kleinste detail van die lewe. Vir van Til het dit beteken dat nie net elke duimbreedte van die aarde nie, maar ook elke duimbreedte van die mens se totale denke, gehoorsaam gemaak moet word aan Christus.

Hy het ook duidelik gewys op die mislukte pogings van die Arminiaanse en moderne teologie om 'n Bybelse verdediging van die Christelike geloof daar te stel. Van Til was daarvoor bekend dat hy al sy lesings en boeke begin het met die stelling dat die gereformeerde geloof en belydenis die mees konsekwente en volledigste samevatting van die leer van die Skrif is, en dat dit die enigste posisie is wat 'n waarlik konsekwente

²⁰ Hierdie punte is verwerk uit R.J. Rushdoony, *The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy* (Fairfax, Virginia: Thobum Press, 1978), p.352-363.

²¹ Verwerk uit E.R. Geehan (ed.), *Jerusalem and Athens: Chlical Discussions on the Philosophy and Apologetics of Cornelius van Til* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company, 1971), p.21

antitese kan stel teen die humanisme op elke terrein van lewe en denke, veral in die teologie, filosofie en apologetiek, en dus ook op elke kultuurterrein van die lewe. Dr. Gary North, wat ook onder van Til gestudeer het, skryf soos volg:

Dit was dr. van Til wat die studente opnuut bewus gemaak het van die belangrikheid van die suiwere leer. Geen feit is onverwagt aan die God van die Bybel nie, het hy verklaar. Alle waarheid, om reg verstaan te word, moet gesien word in die lig van die openbaring van die Skepper en Verlosser. Deur God se genade, moet ons as Sy verlore skepsels, Sy gedagtes agter Hom aan dink. Die Christelike geloof is nie moontlik die waarheid nie, dit is die waarheid. Alle menslike filosofie en wetenskap word geweeg en te lig bevind. God onderhou alle dinge, ook die ongelowiges. Die gelowige en ongelowige het alles metafisies in gemeen, maar epistemologies het hulle niks in gemeen nie. In ons verkondiging van God en Sy genade, moet ons die Drie-enige God voorhou as die enigste grond vir ons verlossing van sonde, en van ons totale lewe en denke.²²

Dit was daarom veral Van Til se totale en radikale verwerping van die neutraliteitsgedagte op enige terrein van die lewe tussen gelowige en ongelowige, en veral die verwerping van "natuureg" as die algemene grond tussen gelowige en ongelowige (dus ook op die kultuurlewe), wat daartoe gelei het dat 'n paar van sy 'volgelingen' die baie belangrike vraag begin vra het: 'indien die natuuregideologie nie die basis moet vorm van die mens se denke en daede nie [ook nie van die kultuurlewe nie], wat moet dan die fondament vorm?' Van sy studente se boeke se titels reflekteer dan ook hierdie vraag:

- *By What Standard* [Rushdoony]
- *By This Standard* [Bahnsen]
- *No Other Standard* [Bahnsen]

Van Til se apologetiese en filosofiese bydrae – wat 'n kop aan kop botsing is met die moderne teologiese en filosofiese denke – lei ondubbelsinnig tot die keuse: "teonomie of autonomie" in die mense se totale kultuurlewe. Hy het egter nooit daadwerklik die positiewe alternatief, uitwerking of inhoud van sy 'teonomie' daargestel nie. Dit het Gary North laat besef "*you can 't beat something with nothing*", en dit was dan veral Rushdoony wat met sy werke, die gedagte van 'n bybelse samelewingsorde (wat natuurlik alles te doen het met ons kultuurlewe), gebaseer op Bybelse reg, begin ontwikkel het, wat die humanistiese natuuregidee totaal verwerp en met die Skrif as vertekpunt-metode-eindpunt, die Skrifinhoud begin deurtrek het na elke terrein van lewe en denke. Ten einde, probeer Rushdoony en andere voortgegaan waar Van Til – en die ander groot reformatoriese denkers – opgehou het. In 'n sekere sin kan gesê word dat Rushdoony wil weer (reg) opbou waar Van Til ten regte afgebreek het.²³

Dit bring ons dan onmiddellik by ons spesifieke onderwerp uit, naamlik die verhouding Christus en kultuur, soos dit by Rushdoony tot uiting kom.

4. CHRISTUS EN KULTUUR

In hierdie gedeelte gaan daar gelet word op wat Rushdoony self verstaan onder die term *kultuurmandaat*. Daardeur wil ons uitkom by die antwoord op die vraag, om dit heel eenvoudig te stel: wat is die dienskneg van Christus se roeping ten opsigte van kultuur,

²² Charles G. Dennison (ed), *The Orthodox Presbyterian Church, 1936-1986* (Philadelphia: Orthodox Presbyterian Church, 1986), p.324.

²³ Ons roeping is nie om net af te breek óf op te bou nie, nee, ons moet afbreek en opbou: "Ky, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en om te gooi en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant " – Jer. 1:10

ook vandag, volgens Rushdoony? Daarom is ons onmiddellike teiken: wat verstaan Rushdoony onder die woorde 'kultuur' en 'kultuurmandaat'.

4.1 Kultuur

Die woord *kultuur*, is afkomstig van die Latynse woord *colere*, wat in sy eenvoudigste vorm die bewerking van die grond, beteken.²⁴ Vandag gebruik ons die woord in die algemeen vir meer, naamlik vir alle vorme van menslike arbeid wat die mens in God se skepping mee besig is, insluitende die vorming van die mens homself, waardeur die mens dan ook alle dinge in diens van die menslike bestaan bring, alles tot eer van God.²⁵ Rushdoony haal die volgende beskrywings aangaande die term kultuur, aan: "Om op te voed of te verwerk", wat beteken, *eerstens*, die bearbeiding van plante of diere, met die doel om te verbeter, en *tweedens*, die opleiding, verbetering en verwerking van die verstand, moraliteit of voorkeure, verligting."²⁶

Sonder om in allerlei verskille van definisies vasgevang te word, sien Rushdoony kultuur heel eenvoudig as die 'lewenswyse van 'n samelewing.' Regdeur sy werke, sluit hy nouliks aan by Henry van Til se kultuur konsep, naamlik dat "*culture is religion externalized*, en is die ontwikkeling van die mens en sy wêreld in term van die wette van sy godsdiens ... (en, skryf hy verder) die dryfkrag van elke kultuur is sy basiese geloof, sy godsdiens oortuigings wat sy visies, optrede en perspektiewe ondersteun. Wanneer 'n geloof agteruitgang, dan gaan die kultuur agteruit."²⁷

Daarom is kultuur nie die bron van die godsdiens nie, maar wel die produk daarvan, of tot eer van God of tot eer van die mens. Soos reeds genoem, hou Rushdoony hom nie veel besig om presies uit te maak wat kultuur opsigself beteken nie, maar sien die betekenis, inhoud en belang daarvan juis in terme van die *kultuurmandaat*. Daarom moet gelet word wat hy bedoel met die woord *mandaat*.

4.2 Kultuurmandaat

Hier moet dadelik bygenoem word dat ander twee terme ook gebruik word om die konsep van die kultuurmandaat aan te wys, naamlik die skeppingsmandaat en die dominium- oftewel heerskappy mandaat.²⁸ Aangesien die hele idee van 'n kultuurmandaat, in (veral) Gen. 1:26-28 gefundeer word, is eersgenoemde en laasgenoemde terme die naaste aan die letterlike gebruik van die woord. As gevolg van die groter bekendheid van die benaming kultuurmandaat, sal ek dit gebruik, al maak Rushdoony vrylik gebruik van al drie hierdie terme.

Rushdoony haal die volgende woordelike betekenis van die woord *mandaat*, aan: "'n Gesaghebbende vereiste; 'n bevel; opdrag; taak," en dan beskryf hy die kultuurmandaat, met verwysing na Gen. 1:26-28, as:

"die verbondsmens se verpligting om die aarde te onderwerp en daarvoor heerskappy uit te voer onder God."²⁹

Dadelik gaan hy voort, en lê 'n groot klem op die wet van God as die 'program' vir die uitvoering van die kultuurmandaat, en myns insiens, raak hy hier 'n baie belangrike punt aan wat by die meeste reformatoriese kultuurfilosowe slegs genoem word. Dit is God se

²⁴ Henry R. van Til, *The Calvinistic Concept of Culture* (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House, 1959), p.29.

²⁵ *Ibid*, p.29,30.

²⁶ *Institutes of Biblical Law*, vol.1 (Vallecito, CA. Ross House Books, 1973), p.724.

²⁷ *Ibid.*, p.726. Sien ook *The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy* (Fairfax, Virginia: Thoburn Press, [1971] 1978), p.371, *Intellectual Schizophrenia: Culture, Crisis and Education* (Philadelphia, Pennsylvania: Presbyterian and Reformed Publishing Company, [1961] 1974), p.92.

²⁸ Engels: *dominion mandate*

²⁹ *Institutes* vol.1. *ibid.*, p.724.

wet, soos dit openbaringshistories en heilshistories ontvou, wat die norm en inhoud vorm vir die uitvoering van die kultuurmandaat, 'n mandaat wat deur Christus se koms nie vervang is nie, maar juis bevestig is. Daarom het die mens in elke eeu die taak om God te gehoorsaam, dit wil sê, om hulself en hul totale lewe te heilig in terme van God se wet. Na die sondeval het die kultuurmandaat nie verval nie, maar is wel baie gekompliseerd deur die mens se sondige begeertes en die vloek wat op die aarde heers.

Nou het die mens wedergeboorte nodig, en daarom is die eerste stap in die uitvoering van hierdie kultuurmandaat, om aan mense die woord van God te bring, sodat God wedergeboorte aan hulle kan skenk, na Sy genadige wil. Rushdoony bevestig dat die hele lewe opnuut in diens van God gestel word, en daarom verwerp hy alle vorme van dualismes soos dit via die Griekse denkers, die Rooms Katolieke filosofie, moderne humanistiese denkers, die piëtisme, ens., die kerk binnegedring het. Hy skryf tereg:

'n Radikale deformasie van die Evangelie en van die verlore mens se roeping het die kerk ingekruip as gevolg van neo-platonisme. Om heerskappy te voer is verwerp, die aarde is beskou as die duiwel se gebied, die liggaam word verag, en 'n valse verootmoediging en vernederiging is dus so gevorm.³⁰

Daarom, op grond van valse dualismes tussen die kultuurmandaat en die evangeliemandaat, tussen hemel en aarde, tussen kerk en wêreld, ens., het die moderne Christen – insluitende baie gereformeerde christene – sy roeping om heerskappy oor die aarde te voer, versak, en dan geld die volgende woorde van Schilder soveel te meer, waar hy skryf in sy bekende werk, *Christus en Cultuur*.

"Aangesien daar 'n kultuurmandaat bestaan het reeds voor die sondeval, daarom beteken afwesigheid van kulturele arbeid altyd sonde en is hulle wat daarvan wegbly op 'n staking."

Dus, alle terreine van lewe en denke, alle beroepe word geheilig en herskep deur die Evangelie van Jesus Christus. Dit beteken ook dat elke soort van teorie, humanisties, evolusionêr, afgodies of enige ander, ook op kulturele terrein vernietig moet word en onderwerp moet word aan die heerskappy van Christus, soos Paulus tereg leer in 2 Kor. 10:4-6.³¹ Hier volg Rushdoony loodreg in die voetspore van van Til, waar van Til skryf:

Christus red ons uit die sonde, sodat ons in Sy diens kan staan. Deur die verlossing wat ons s'n is in Christus deur die Gees, neem ons opnuut die kultuurmandaat op wat aan die mens gegee is in die begin van die geskiedenis. Of ons eet of drink of wat ons ookal doen, wil ons nou doen tot die eer van God.... Die kultuurmandaat moet vervul word in ons hantering van die feite of gebeure van ons omgewing. Die mens moet die aarde en alles wat daarin is onderwerp aan Christus. Soos wat die Christen dit geleidelik doen, hoe meer word hy bewus daarvan dat hy op God se eiendom werk [Ps.24:1 – SLC]. Hy is nie self die eienaar daarvan nie, en nog minder van homself. Hy is die dienskneg van Christus. Daarin lê sy vryheid³².

Rushdoony maak dit egter baie duidelik dat die kultuurmandaat nie gelyk gestel kan word aan die natuurlike mens se siening van kultuur en vooruitgang nie. Die kultuur van die moderne mens is 'n oorgawe aan die omgewing, aan toeval. Alhoewel die humanisme afvallige kultuur produseer, het hul geen *kultuurmandaat* nie, maar eerder kulturele oorgawe. Hulle wat dus die kultuurmandaat ontken, gee die wêreld oor aan die duiwel. Die gevolge daarvan is natuurlik dat daar chaos heers, en daarom het die moderne mens 'n sterk mag nodig om die mense te beheer. Die antwoord hierop is daarom die vergoddeliking van die mens of enige van die instellings waarin God die mens geplaas

³⁰ *Institutes of Biblical Law*, ibid., vol. 1, p.449

³¹ *Ibid*, p 725

³² Soos aangehaal in *Systematic Theology*, ibid., vol.1, p.40

het. Hierdie oersonde het reeds in die tuin van Eden sy aanvang geneem, waarin die mens homself, direk of indirek, of deur een of ander deel van die skepping, wil verabsoluteer of vergoddelik.³³ Behalwe die mens wat homself verabsoluteer [homo mensura], kan dit ook plaasvind wanneer die gesin,³⁴ kerk,³⁵ volk,³⁶ (en soos) vandag die staat³⁷ verabsoluteer word. Teenoor die mens se eeu-lange maar ook hedendaagse poging om homself te verlos, hetsy deur homself of enige aspek van die skepping stel Rushdoony die belydenis van Chalcedon van 451 AD, wat dan ook die naam vorm van sy Stigting en nuusbrief wat hy uitstuur.

4.3 Chalcedon

Chalcedon se naam word afgelei van die Konsilie van Chalcedon wat in 451 gehou is, waar die volgende kardinale teologiese en filosofiese Christologiese definisie geformuleer is aangaande die nature van Christus 'Daarom, soos ons die heilige vaders volg, leer ons almal met ooreenstemming om die een en enigste Seun, Jesus Christus, wat volkome God en volkome Mens is, te erken ...' Dit is hierdie belydenis wat elke valse eis tot vergoddeliking deur enige menslike instelling, hetsy die staat, kerk, sekte, skool of enige menslike vergadering verwerp, aldus Rushdoony.

In sy werke, *The Foundations of Social Order: Studies in the Creeds and Councils of the Early Church*³⁸ en *The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy*,³⁹ gee hy 'n meer volledige bespreking van die mens wat se poging om die samelewingsorde te vergoddelik. Daarteenoor – so skryf Rushdoony⁴⁰ – bely en begin die Christendom, in lyn met die konsilie van Chalcedon, dat alle mense sondaars is, totaal verdorwe (d.w.s. dat elke aspek van hul wese deurtrek is van die sonde), en daarom verlossing nodig het. Alleen die Een, die God-mens Jesus Christus, kan genoegsame versoening doen vir die mens se sondes: Hy alleen kan hulle red van hul sondes.

Al die mens se pogings om 'n nuwe of 'n goeie mens te skep [via opvoeding, wette, strawwe, ens], of om 'n goeie of nuwe sameleving te skep sonder Hom,⁴¹ is gedoem tot mislukking. Dit sal daarom net ontaard in groter euwel. Ons alleen vertrou en alliansie met Christus, beteken daarom ook ons alleen vertrou op Sy wet-woord. Ons kan nie die mens se wette op God se orde afdwing nie.

³³ Sien *In Defense of the Faith, vol.I: Doctrine of Scripture* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1967).

³⁴ Vir die verabsolutenng van die vaders se gesag in die antieke Sjinese en Romeinse gesinslewe, sien G. Cronjé en J.D. Venter, *Die Patriargale Familie*, 'n Kultuurhistoriese en kultuur-sosiologiese studie (Pretoria: HAUM, 1973), p.37 e.v.

³⁵ L. Boettner, *Roman Catholicism* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co., [1962] 1983); sien ook: J.W. Robbins, *Ecclesiastical Megalomania: The Economic and Political Thought of the Roman Catholic Church* (USA: Tnnity Foundation, 1999)

³⁶ Sien die werk van H.G. Stoker, *Die Stryd om die Ordes* (Pretoria: Caxton-Drukkery, 1941), p. 142 e.v., waar hy tereg wys op die Nasionaal-Sosialisme se verabsoluttering van die volk. Hy wys ook op die verabsoluttering van die individu (liberalisme), die werkersklas (kommunisme) en die staat (fasjisme). Daarteenoor stel hy die Bybelse Calvinisme as die enigste konsekwente Christendom wat 'n ware teenvoeter kan wees vir hierdie (en ander) ideologieë. Dit is my hoop en gebed dat daar hopelik, D.V., in die toekoms weer 'n herdruk van hierdie baie belangrike werk vir ons kerk- en volkslewe gaan verskyn.

³⁷ Ibid., p. 179-219; sien ook die volgende twee werke van R.J. Rushdoony, *Christianity and the State* (Vallecito, CA: Ross House Books, 1986); *Politics of Guilt and Pity* (Fairfax, VA Thoburn Press, [1970] 1978).

³⁸ Fairfax, VA: Thoburn Press, [1968] 1978. Sien veral hfst.7, *The Council of Chalcedon: The Foundation of Weslern Liberty*.

³⁹ Fairfax, VA: Thoburn Press, [1971] 1978. Sien veral p.161-164.

⁴⁰ *Chalcedon Report*, No.363, October 1995, p.28,29.

⁴¹ Ps. 127: 1; Joh. 15:5.

Die oplossing vir die krisis van die mens, dus ook vir die moderne kultuurkrisis, is naamlik God se soewereine genadelike optrede in die inkarnasie. Die verlorenheid van die mensdom is in so 'n mate dat hy homself nie kan red nie, alleen God kan; en die mens is verbonde aan die aarde en daarom moet die mens in sy mensheid gered word. Dit het Christus, as beide God en Mens gedoen. Daarom is die doel van die tweede Adam om die eerste Adam se werk ongedaan te maak, en sodoende die mens as verbondshouer te herstel, sodat hy weer 'n getroue burger van God se Koninkryk kan word, en sodoende die mens weer te herstel tot sy roeping om die aarde te onderwerp onder God en alle dinge te herstel tot God se wet en heerskappy.

Die geboorte, kruisiging en opstanding van Christus - waar die mens weer herstel word tot sy verhouding tot Sy Skepper - is daarom ook die restorasie van die mens tot sy oorspronklike roeping, tot Sy kultuurtaak. Die koms van Christus, vervang dus nie die kultuurmandaat nie, en daarom soos wat Herman Bavinck kan skryf dat "die opstanding is die prinsipiële herstel van alle kultuur"⁴², netso kan Rushdoony tereg skryf dat "in Sy hemelvaart, bevestig Jesus weer die kultuurmandaat,"⁴³ wanneer Hy verklaar:

Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matt.28:18-20).

Hierdie gedeelte wys op die universaliteit van Christus se heerskappy: "alle mag in hemel en op aarde," behoort aan Hom en Hy gee opnuut 'n gesaghebbende bevel: 'maak dissipels van al die nasies.' Alhoewel, die finale onderwerping van God se vyande eers met die wederkoms sal plaasvind,⁴⁴ het dit reeds begin met die koms van Christus en is dit nou nog besig om al hoe meer te gebeur, soos Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus ook leer. Daarom moet alle volke onderwerp word, deur doop en dissipelskap, dit is, deur bekering en die woord van God. Die eerste Adam het 'n nie-gevalle wêreld gehad om te onderwerp, na die sondeval is daar egter groot stryd om hierdie taak te verrig tot eer van God. Rushdoony skryf: "Meer as 'n tuin moet nou onderwerp word, die volke en koninkryke van die wêreld moet nou onder die heerskappy van Christus en sy lede gebring word."⁴⁵

Ten einde, as mense nie wedergebore word deur Christus nie, en as ons ons nie wil onderwerp aan Sy roeping - die kultuurmandaat en die evangeliemandaat nie - dan sal ons deur Sy krag vernietig word

5. GOD SE WET

Maar wat is Rushdoony se meer spesifieke bydrae in die lang lys van gereformeerde denkers oor die kultuurmandaat? Myns insiens, is dit sy bydrae oor die eksplisiete norm, inhoud of program van die kultuurmandaat. Dit behels die woord of wet waarmee, waardeur en waarvolgens heerskappy gevoer moet word. Rushdoony skryf soos volg:

"Die mens se *regverdiging* is deur die *genade* van God in Jesus Christus, die mens se *heiligmaking* deur middel van (volgens - SLC) die *wet* van God⁴⁶.... Romeine 13:8-10 maak dit duidelik dat die liefde die vervulling van die wet is, dit wil sê,

⁴² Sy lesing, *Opcnbaring en Cultuur*, soos gevind word in *Wijsbegeerte der Openbaring* (Kampen: J.H. Kok, 1908), p.230.

⁴³ *Institutes*, vol I, *ibid.*, p.729

⁴⁴ In teenstelling met wat baie onkundige kritici beweer, stel Rushdoony dit baie duidelik deur al sy werke dat daar voor die wederkoms geen volmaaktheid sal wees nie, ook nie in 'n Christelike orde waar die meerderheid van 'n land Christene is nie. Hy skryf bv. "In *elke* sosiale orde, sal daar wetsoortreders wees; geen volmaakte samelewing is moontlik aan *hierdie* kant van die hemel nie", *Institutes of Biblical Law*, *ibid.*, vol.I, p.535.

⁴⁵ *Ibid.*, p. 730.

⁴⁶ *Ibid.*, p.4.

die liefde laat die wet in aksie oorgaan: dit respekteer God se vereistes aangaande lewe, eiendom, ons naaste, ons vyand, en onself. Ons Here maak dit duidelik dat om God lief te hê, beteken dat ons die eerste tafel van die wet hou, en as ons ons naaste lief te hê, beteken om die tweede tafel te onderhou (Matt.22:34-40, Mark. 12:28-34).⁴⁷ Ons het nie ons vrouens lief as ons egbreuk pleeg nie, en ons het nie vir God lief as ons afgodediens is en Sy Naam oonteer nie. Liefde is die wet in aksie, haat is wetteloosheid in aksie. Liefde en haat is meer as blote gevoelens; dit is twee lewenswyses, of in geloof en gehoorsaamheid aan God en Sy Wet, of in ongeloof en ongehoorsaamheid."⁴⁸

5.1 Die handhawing van God se Wet

Dit was van Til se werke wat, soos reeds genoem, Rushdoony se eie besinning oor God se wet-woord samehang en sin gegee het, aangesien Van Til gewys het op die sterk antitese en konflik wat daar bestaan tussen Bybelse en moderne denke. Hierdie antitese, geld dan vir Rushdoony op elke lewensterrein, terwyl God se Woord, spesifiek Sy Wet die antitese handhaaf tussen die gelowige en ongelowige se agenda hier op aarde. Die Wet, gegee deur Moses, wys ons op die heiligheid en karakter van God, dit oortuig ons van sonde en tugtig ons na Christus, en laastens, is dit ook gegee as norm van die Christelike lewe.

Dit is dan veral by die laaste funksie van die Wet (wat ook die 'politieke of juridiese' funksie van die wet betref), waarop Rushdoony in diepte wil ingaan, of om dit beter te stel, waardeur hy opnuut die verwaarloosde aandag van die afgelope paar eeue wil herstel.⁴⁹ Hy glo dat God deur die bemiddeling van Israel as volk, ons nie net die rykdom en seën van ons Verlosser geskenk het nie (Gal.4:4), maar dat God ook deur die bemiddeling van Israel (Rom.3:2), die wysheid, goedheid, regverdigheid en heiligheid van sy wet aan ons gegee het, waarvolgens ons ons hele lewe, insluitende vir die samelewing onder God moet inrig, en dat ons deur die krag van die Gees, daarin moet groei in heiligmaking en in aanbidding tot eer van God. Rushdoony stel dit soos volg:

"Die profete van die Ou Testament het die volk Israel herhaaldelik teruggeroep na hierdie roeping en verbondstaak. Christus se koms was

⁴⁷ Matt.22:40, skep die raamwerk waarin die liefde moet funksioneer: "Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete." Netso bepaal "... want dit is die wet en die profete," die raamwerk van die voorafgaande sin in Matt.7:12, "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen ..."

⁴⁸ *Law and Society: Institutes of Biblical Law, vol.II* (Vallecito, CA: Ross House Books, [1982] 1986), foreword, x.

⁴⁹ Daar is kritici wat beweer dat Rushdoony en andere wat so groot 'klem' lê op God se wet, die gevaar loop om 'fokus' te verloor. As broederlike vermaning word dit ter harte geneem, want enige van ons is geneig om d.m.v. ons spesialiteitsveld (hetsy of dit predikant, onderwyser, ambagsman, huisvrou, ens., is) die groter prentjie of fokus van die hele raad van God uit die sig te verloor (Hand.20:27). As die waarskuwing egter saam met die bedoeling kom om daardeur te sê dat daardeur die evangelie nie meer in die fokuspunt is nie, is dit myns insiens misplaaste ywer en onkunde, gebaseer op 'n valse dualisme tussen wet en evangelie, want as jy met God se Wet (of enige ander deel van God se Woord besig is), moet en sal dit jou – deur God se Gees natuurlik – op een of ander manier ook lei na God se Evangelie (Vgl. Ps. 1:2 met Luk.24:27, Joh.5:39-47, ens). Dr. Greg L. Bahnsen skryf daarom tereg: "*Teonomie is nie 'n kwessie van om na Moses te luister in die plek van Christus nie, maar dit is eerder om na te Moses te luister ter wille van Christus ... verbondsteonomie wil aandag gee aan Moses, juis omdat hul Heer en Verlosser -wat sentraal staan in hul hele lewe- hul geleer het om aandag te gee aan die Mosaïese wette*". *No Other Standard: Theonomy and Its Critics* (Tyler, Texas: ICE, 1991), p.85. Verder is dit ongelukkig 'n feit van hierdie gevalle wêreld dat mense -ook gelowige broeders – wat nie die moeite wil doen om 'n ander persoon se werk sorgvuldig te bestudeer nie, dat net die sogenaamde 'nuwe' dinge of 'kontroversiële' dinge wil hoor en raaksien, en nie die persoon in sy totale verband wil raaksien en erken nie. Dit lei dan noodwendig tot eensydige kritiek en waardering. Ten einde gaan dit nie daarom of iemand 'spesialiseer' of 'klem' lê op 'n sekere aspek van die Woord van God nie (1 Kor. 12), maar wel of dit wat hy op fokus in lyn of in gehoorsaamheid is aan die volle raad van God (Hand.20:27)

ook in terme van hierdie een en ewige verbond, gebaseer op die skeppingsopdrag oftewel die kultuurmandaat, soos dit vandag ook genoem word. Christus as die nuwe Adam het die wet volkome onderhou en dra sodoende die sondes van die uitverkorenes deur in hul plek te sterwe, sodat die gelowiges weer in die regte verhouding van geregtigheid tot God kan staan. Die gelowiges word dus, in Christus, herroep tot die oorspronklike bedoeling van die mens, naamlik om heerskappy uit te voer onder God, as verbondshouers. Die wet van God staan dus sentraal in die doel wat God met die mens het (en is nie 'n stokperdjie vir net sekere Christene of teoloë nie.) Die mens se verlossing en regverdiging voor God is alleen uit genade o.g.v. die verdienste van Jesus Christus, terwyl sy heiligmaking volgens die wet van God is wat die Heilige Gees in die mens werk. Die kerk van Jesus Christus, die uitverkorenes van God in elke stam, volk en nasie word opgeroep om te doen wat Adam in Eden moes gedoen het, en Israel in Kanaän. Dit is een en dieselfde verbond, maar onder verskillende administrasies. Nie net die mens moet herskep word nie maar ook die totale samelewing waarin die mens hom bevind, alles in terme van die verbondswoord van God."⁵⁰

Aangesien die wet van God so belangrike komponent uitmaak van Rushdoony se kultuurbeskouing, daarom is dit nodig om te let oor hoe hy met God se heilige Wet omgaan.

5.2. Die werking van God se Wet

Dr. R.J. Rushdoony skryf soos volg oor God se Wet:⁵¹

"Om Bybelse Reg te verstaan, is dit belangrik om sekere basiese karaktertrekke van die wet van God te verstaan:

A. Sekere breë beginsels word verklaar

Hierdie verklarings vorm die basis van die reg. Die Tien Gebooie gee hierdie verklarings. Die Tien Gebooie is dus nie 'n paar wette tussen 'n ander klomp wette nie, maar is die basis waaruit ander meer spesifieke wette vloei. 'n Voorbeeld van so 'n basiese wet is: 'Jy mag nie steel nie'. As die wet ontleed word, dan moet daar op die volgende implikasies gelet word:

- Dit is die positiewe bevestiging van private eiendom en dit straf enige oortredings teen eiendom. Die Tien Gebooie bevestig en beskerm dus elkeen 'n basiese terrein van die lewe.
- Nog belangriker is dit dat hierdie bevestiging plaasvind deur God en nie deur die mens of die staat nie. Al die gebooie vind sy oorsprong in God, wat as die soewereine Koning deur die wette orde handhaaf in sy skepping en daaroor regeer.
- Aangesien God al die wette verordineer, is 'n oortreding van die wet 'n oortreding teen God. Elke wet, of dit gaan oor eiendom, die persoon, familie, arbeid, kapitaal, kerk, staat of enigiets anders, se verwysingsraamwerk is altyd eerstens na God. Alles is deel van Sy Skepping en daarom is dit vanselfsprekend dat enige oortreding teen God is (Ps. 51:4)
- Dus is alle wetteloosheid ook sonde. Enige burgerlike, familie, kerklike of enige ander oortreding is ook 'n godsdienstige oortreding, behalwe as die ongehoorsaamheid gehoorsaamheid aan God is.

⁵⁰ Vrylik verwerk uit R.J. Rushdoony, *Institutes of Biblical Law* (Phillipsburg, New Jersey, Presbyterian and Reformed, 1973), p. 3,4

⁵¹ Hierdie gedeelte is verwerk uit *The Institutes of Biblical Law* (Phillipsburg, New Jersey: P&R, 1973), p.10.

B. Uit die Tien Gebooe vloei die gevallewette.

Dit is die illustrasie van die Tien Gebooe - of die algemene beginsel- in terme van spesifieke sake. Hierdie spesifieke sake dui dus die toepassing van die Tien Gebooe aan. Om te verhoed dat dit misbruik word, gee die Skrif self aanwysings hoe om daarmee te werk te gaan. Die Apostel Paulus wys vir ons duidelik dat die Nuwe Testament die wet van God onderskryf. Hieronder volg eerstens die basiese beginsel, tweedens die gevallewet, en derdens Paulus se verklaring van die toepassing van die wet,

- 'Jy mag nie steel nie' (Ex.20:15) – basiese wet of beginsel.
- 'Jy mag 'n os nie muilband as hy graan dors nie.' (Deut.25:4) – illustrasie/toepassing van die basiese wet, wat ook genoem word gevallewet
- 'Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n Os wat graan dors, mag jy nie muilband nie.' Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer?

Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe, omdat hy wat ploeg, op hoop moet ploeg; en hy wat dors, op hoop om wat hy hoop, deelagtig te word.... So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.' (1 Kor.9:9, 10:14) – Paulus se interpretasie van die basiese wet, gevalle wet.

- 'Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie, en: Die arbeider is sy loon werd.' (1 Tim.5:18) – wys op die eer aan die ouderlinge wat die kerk regeer.

Albei hierdie versgedeeltes illustreer die vereistes van 'Jy mag nie steel nie' in terme van 'n spesifieke saak, en wys so op die implikasies van die wet op die praktyk. 'Die arbeider is sy loon werd' (1 Tim.5:18) verwys ook na die beginsels wat uit spesifieke sake kom: Luk. 10:7, Lev.19:13; Deut.24:14,15.

As dit dus 'n sonde is om 'n os te beroof van sy voedsel, dan is dit ook 'n sonde om 'n mens te beroof van sy lone: in albei gevalle is dit diefstal.

As God dit as 'n oortreding beskou dan beteken dit dat diefstal 'n oortreding teen Hom is en dat mense dan eintlik direk of indirek van God steel (Mal.3:8-12).

Hierdie voorbeeld van gevallereg/uitspraakreg illustreer nie net die betekenis van elke spesifieke saak in die Skrif nie, maar dit dui ook op die belangrikheid daarvan. So word die definisie van diefstal ook meer verstaanbaar en omvattend gesien.

5.3 Die restitusie van God se regsorde

By humanistiese reg gaan dit om restitusie in sy geheel aan die mens en vir die mens alleen. Met Bybelse reg gaan dit om die restitusie aan die benadeelde persoon, maar meer nog, restitusie aan en herstel van God se orde. Hierdie restitusie van God se orde, vind op drie maniere plaas:

- Die restitusie of restorasie van God se soewereine wet-woord deur proklamering (Matt. 17:11,12)
- Die restorasie wat plaasvind deur almal en alles te onderwerp aan die Here Jesus Christus en daardeur 'n godsvresende orde oor die hele wêreld te stel (Matt.28:18-20; 2 Kor. 10:5, Op. 11:15).
- Met die tweede koms sal hierdie restorasie in sy volheid/volmaaktheid plaasvind. Nou, deur die geskiedenis, beweeg die geskiedenis geleidelik daarheen (Hand.3:21).

God se verbond met Adam om heerskappy te voer oor die aarde en dit te onderwerp (Gen. 1 28) onder God was verbreek deur die sonde. Deur die bloed van Christus is daardie verhouding t.o.v. die kultuuroopdrag herstel. Die eerste

verbond word vervul in die Groot Opdrag (Matt.28; 18-20): om alle dinge en alle volkere te onderwerp aan Christus en Sy Wet-Woord.”

Sien gerus sy *Institutes of Biblical Law*, vir die verdere verklarings en toepassing van die Tien Geboie op die totale lewe en denke van die mens. Maar hoe lyk 'n Bybelse samelewingsorde dan waarin God se regsorde gehandhaaf moet word? Is dit 'n 'top down' teokrasie wat op die mense afgedwing moet word, soos wat in baie Moslem lande en humanistiese demokratiese state soos die VSA, Nederland en Suid-Afrika, plaasvind? Is dit soos ons samelewing wat glo dat daar redding en verlossing kan kom deur wetgewing en opvoeding?

6. 'N BYBELSE SOSIALE ORDE

Rushdoony beskryf die 'metodiek' om 'n godsvresende Bybelse sosiale orde of samelewing daar te stel, die beste in die volgende aanhaling:

Die sleutel tot die remediëring van die moderne situasie is nie revolusie of enige soort van verzet wat lei tot die ondergang van wet en orde nie. Die NT is vol waarskuwings teen ongehoorsaamheid en roep ons op tot vrede. Die sleutel is wedergeboorte, verkondiging van die Evangelie en die bekering van mense en volke na God se wet-woord.... Duidelik is daar geen hoop vir die mens, behalwe alleen in regenerasie nie.⁵²

In hierdie, en vele ander aanhalings uit sy werke, maak Rushdoony dit baie duidelik dat wedergeboorte en bekering sentraal staan in die eer van God in die mens se totale lewe, en dus ook in al ons kultuuruitinge. Waar baie gelowiges egter die doel en belangrikheid van die verlossing van die mens wil beperk tot slegs sekere terreine van die lewe (bv. persoonlik, gesin en kerk), sien en wys Rushdoony op die allesomvattende belangrikheid, implikasies en doel wat die verlossing van die mens het. Dit is ook nie 'n doel opsigself nie, net soos wat die kerk, gesin, staat, ens., nie 'n doel opsigself is nie, maar alles in diens van Christus en Sy Koninkryk, en die eer van God moet staan.

Daarom verwerp Rushdoony ook enige sprake van rewolusie, want die doel van bekering en reformatie is juis om die Goddelike orde volgens God se Woord te herstel, en nie om die orde (wat daar nog oor mag wees) te vernietig nie. Dit is dus geensins 'n doperse of anabaptistiese selfaangestelde 'inbring' van die koninkryk nie. Nee, Christus alleen het Sy geestelike koninkryk kom vestig, wat nou allesomvattende implikasies en deurwerkings het vir elke terrein van lewe en denke.

In lyn met die gelykenisse van die mosterdsaad en die suurdeeg (Matt. 13:31-35) en ander skrifgedeeltes, glo Rushdoony dat God se Koninkryk geleidelik groei, en eers in sy volmaaktheid kom met die wederkoms van Christus. In daardie lig, sien Rushdoony dat God die mens in basies vier 'regerings' geplaas het, waarin die mens God moet dien en eer.

6.1 Instellings

Eerstens is daar, die self-regering van die Christenmens onder God, *tweedens* is daar die gesin waarin die basiese fundamente gelê word vir kerk en staat, *derdens* is daar die kerk wat die genade aan die verlore mens moet bedien, en *vierdens*, is daar die staat wat wet en orde moet handhaaf. Verdere verdelings van instellings wat Rushdoony ook noem, is die skool, beroepsterrein, maatskappy, ens.⁵³

Elke persoon word opgeroep tot bekering en geloof in Jesus Christus (Hand. 17:30). Op grond van die – en vanuit die – wedergeboorte, moet die gelowige mens toeneem en groei in kennis en heiligmaking (1 Petr 1; 15,16), deur die krag en leiding van die Heilige Gees wat die mens heilig en vorm volgens en deur die wet-woord van God (Ps. 1:2; Joh.17.17, 2 Tim.3:15-17). Die gelowige man moet vervolgens sy hele lewe -insluitende

⁵² *Institutes of Biblical Law*, *ibid.*, vol.1, p.113, 449

⁵³ *The Intent of the Law: Institutes of Biblical Law*, vol.3 (Vallecito, CA: Ross House Books, 1999), p.2.

sy denke – gevange neem en in diens van Christus stel (2 Kor. 10:5,6). Dit behels 'n geleidelike toewyding en onderwerping van sy totale gesinslewe, ook in diens van Christus (1 Tim.3:5; 5:8), wat dan ook oorgaan in diens in die kerk van Christus (1 Tim.3.2). Dit lei alles – deur die genade van die God – tot die geleidelike onderwerping van die samelewing (ekonomie, regte, politiek, ens) aan God se Woord (sien ook: Ex.23:30).

6.2. Die heerskappy van die vroeë kerk

Soos die vroeë kerk, moet die vandag se kerk weer heerskappy voer deur diensbaarheid en gehoorsaamheid. Rushdoony wys daarop hoe die vroeë kerk geleidelik die fundamente van 'n Christelike beskawing gelê het, deur die onmisbare steunpilaar te word van die vroeë samelewings. Die vroeë kerk het sonder enige afhanklikheid van die staat, barmhartigheidsdiens verleen, wees en weduwee versorg, hul eie sentrums vir opvoeding en opleiding ontwikkel, eie biblioteke opgerig, wat alles later uitegloop het op die Middeleeuse universiteite, ens.⁵⁴

Teenoor hierdie voorbeeld van die kerk, is die hedendaagse kerk impotent en het 'n slaaf geword van die staat en ander instellings. Die take van barmhartigheidsdiens, die tiende konsep, opvoeding, ens., is weggeneem van die gesin en kerk, en aan die staat oorhandig wat nou god probeer wees, 'n messiaanse staatsidee. Hierteenoor bepleit Rushdoony tereg vir die herstel van die mens in sy verhouding tot God deur Christus, die herstel van die gesinslewe en die kerklewe, en die herstel van die staat tot sy Godgegewe taak, naamlik om wet en orde te handhaaf. As elke terrein van lewe en denke, en die mense wat daarin funksioneer, moet hul dus onderwerp en inrig volgens God en Sy Woord (Matt.633)

Dit is onmoontlik om binne die bestek van die tyd wat vandag tot ons beskikking is, op al die verskillende implikasies en invloed in te gaan. U word daarvoor verwys na dr. Rushdoony se werke self - soos gelys aan die einde van hierdie lesing. Hier moet egter kortliks wel 'n gedagtes gelaat word aangaande die kritiek teen Rushdoony se denke.

7. KRITIEK

Die meeste kritiek teen Rushdoony, is gemik teen sy siening van God se Wet en sy koninkryksbeskouing wat onlosmaaklik verbind is aan sy postmillennialistiese eskatalogiese beskouing.⁵⁵ Omdat die doel van hierdie lesing is om u eerstens in te lig oor Rushdoony se kultuurbeskouing, gaan ek nie daarop in om sy kritici te beantwoord nie. Ek wil egter graag net die volgende opmerkings maak. Meeste van die kritici – van wie 'n mens meer sou verwag het – se werk getuig ongelukkig van onkundige en slordige geleerdheid,⁵⁶ terwyl daar wel ook opbouende kritiek uit verskillende oorde gekom het, wat natuurlik verdere besinning en bespreking bevorder.⁵⁷ Rushdoony het hier en daar in sy werke kortliks gereageer op die kritiek wat teen sy werke ingekom het. Dit was egter van sy geesgenote, soos Bahnsen, North, Gentry, De Mar, ens., wat die meeste van die kritici se argumente reeds beantwoord het.⁵⁸ Ironies genoeg, is die

⁵⁴ *The Roots of Christian Reconstruction* (Vallecito, CA: Ross House Books, 1991), p 2 "

⁵⁵ sien voetnotas 5 en 15.

⁵⁶ sien onder andere: John R. Muether se artikel *The Theonomic Attraction*, in *Theonomy: A Reformed Critique* (Grand Rapids, Michigan: Academie Books, 1990), p.245 e.v.; J. Douma, *The Ten Commandments* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed and Publishing Co, 1996), p.378 e.v.; J.I. Packer se kritiek, soos verwoord en gehandhaaf deur die *Kompas: Rigting vir die Gereformeerde lewe*, Jaargang 8, nr.4 (April 1999); die Free Church of Scotland se amptelike dokument en uitsprake aangaande teonomie, ens.

⁵⁷ sien onder meer: Vem S. Poythress, *The Shadow of Christ in the Law of Moses* (Philipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co., 1991), p.311-361; John Frame, *Cornelius van Til: An Analysis of His Thought* (Philipsburg, New Jersey: Prebyterian and Reformed Publishing Co., 1995), p.391 e.v. sien ook hierdie twee here se artikels in *Theonomy. A Reformed Critique, Ibid.*

⁵⁸ sien die volgende werke: G.L. Bahnsen, *No Other Standard: Theonomy and it 's Chiics* (Tyler.

meeste of omtrent alle kritiek teen Rushdoony gemik aangaande sy siening oor God se wet en koninkryk, terwyl dit hierdie spreker se beskeie *mening* is dat Rushdoony se swakpunt eerder te vinde is in die rol wat die kerk (NGB artikel 27-29) speel in die reformasie en opbou van die totale lewe, insluitende die samelewing. Dit is nie 'n geval dat dit wat hy wel oor die kerk skryf,⁵⁹ onbybels of ongereformeerd (in die presbiteriaanse tradisie) is nie, maar dat die kerk, myns insiens, nie tot sy regmatige plek kom as 'kultuursentrum' – soos bedoel in die woorde van Schilder, in Rushdoony se denke nie. Die getuienis van die vroeë kerk asook die tyd van die reformasie, is vir ons 'n duidelike bewys dat vir die reformasie van 'n samelewing, kerkherstel en reformasie sentraal moet staan.

Byvoeging van kritiek (Februarie 2010)

Na 9 jaar se verdere studie en besinning, sou my kritiek teen Rushdoony en die Christelike Rekonstruksie (CR) beweging (wat 'n wye verskeidenheid is)⁶⁰ ook die volgende aspekte insluit (waar van toepassing):

1. nie genoegsame erns wat in sekere kringe gemaak word met die eerste tafel van die wet nie;
2. die tweede gebod in terme van die erediens, spesifiek die regulerende beginsel vir die erediens word nie konwekwent toegepas in terme van bv. die sang en die feesdae nie; sien: <http://www.swrb.com/newslett/freebook/recon.htm>;
3. die eerste geslag was openlik en sterk Calvinisties (bv. Rushdoony, Bahnsen, North, Gentry, De Mar, ens.), maar die tweede geslag, wou nie meer so 'streng calvinisties' wees nie, en het onder leiding van Andrew Sandlin e.a. 'n meer 'ortodokse Christenskap' begin voorstaan. Ek is nie heeltemal seker nie, maar ek dink Sandlin is ook later weg by *Chalcedon*, en laasgenoemde staan nou onder leiding van Rushdoony se seun, Mark Rushdoony. Dit was veral hierdie tendens, soos ek dit gesien het (die weg beweeg van die calvinistiese wortels, nog minder kerklik-konfessioneel gebonde, ens.), wat my eie belangstelling in die beweging laat afneem het, veral toe die tweede geslag rekonstruksioniste meer begin oorneem het.
4. Ek stem nie saam met Rushdoony se veroordeling van amillennialisme as 'heresy' nie, netsoos wat ek nie saamstem met sekere amillennialiste (bv. prof. David Engelsma van die PRCA) dat postmillennialisme 'n 'heresy' is nie. Ek vind beide eskatologiese sienings binne die raamwerk van die gereformeerde ortodoksie, en beskou myself as 'n optimistiese amillennialis of 'n pessimistiese postmillennialis!
5. In Noord-Amerika (VSA en Kanada) heers daar die afgelope 30 jaar 'n stryd wat genoem word 'The Justification Controversy', om die persoon van Norman Shepherd en sy volgelingen wat ook genoem word die 'Federal Vision' (FV) beweging. Shepherd en sy volgelingen word uit sekere kerklike kringe aangekla daarvan dat hul afgewyk het van "regverdiging deur die geloof alleen", na 'n "regverdiging deur geloof én werke". Hierdie stryd het ook die huidige geleedere van die rekonstruksioniste verdeel in 'n 'vir' en 'teen' kamp. Die groot vraag is nou natuurlik of die eerste geslag leiers, sou hul vandag geleef het, vir Shepherd

Texas: ICE, 1991); Gary North (ed), *Westminster Confession: The Abandonment of Van Til's Legacy* (Tyler, Texas: ICE, 1991); Gary North (ed), *Theonomy: An Informed Response* (Tyler, Texas: ICE, 1991)

⁵⁹ Sien *Doctrine of the Church*, in Systematic Theology, vol.2, *ibid.*, p.669-783.

⁶⁰ Sien hier 'n opsomming van wat 'Christian Reconstruction' is: http://en.wikipedia.org/wiki/Christian_Reconstructionism

en die FV ge-ondersteun het of nie ? Nou weet ek North het een van sy boeke opgedra aan Shepherd, maar destyds het ek net kennis geneem van die naam, en nie geweet van die 'controversy' wat hom afgespeel het om sy leringe in die OPC nie (sien: <http://www.trinityfoundation.org/journal.php?id=105>). Ek het ook nooit waargeneem dat Shepherd enigsins 'n groot rol gespeel het in die CR beweging nie, en hy sou ook ontken het dat hy 'n CR is.

In my eie lees van bv. Rushdoony en Bahnsen het ek nie lyne opgetel van die dwaling van redding deur 'geloof én werke' nie, en was intendeel juis aangetrek deur hul 'Dordtse calvinisme'. Maar, daar is FV voorstanders, onder andere Bahnsen se seun, wat beweer hy het persoonlike briewe van sy pa wat wel vir Shepherd ondersteun het in sy leringe. Dit is ook bekend dat die instituut wat Bahnsen begin het, werke van die FV teoloë en predikante publiseer: www.cmfnow.com Dieselfde debat is aan die gang oor Cornelius van Til, waar sommige meen dat Van Til slegs simpatiek was teenoor die persoon van Shepherd, maar nie noodwendig teenoor sy leringe nie, en ander weer meen hy sou FV ondersteun het.

Die vraag na in watter kamp sou bv. Van Til, Rushdoony en Bahnsen hul vandag bevind het, is in 'n sekere sin spekulatief, omdat dit nie beantwoord kan word nie, hulle is almal oorlede. Die meeste wat 'n mens kan doen is om hul werke te bestudeer en daarvolgens sekere voorlopige afleidings te maak. Vir bronne vir of teen 'Federal Vision', tik net die woorde in by 'Google'. Kyk ook hier: http://www.reformationtheology.com/2006/07/opc_report_on_justification_1.php

6. Die gevaar bestaan, ten minste in die praktyk, om gesin teenoor kerk af te speel, soos die stryd tussen Rushdoony (gesin) en sy skoonseun, Gary North (kerk) hom afgespeel het. In sommige rekonstruksionistiese kringe het dit tot vele onenigheid gelei wat 'n mens, met hartseer, nie durf goedpraat nie. Hierdie onenigheid skryf ek meer toe aan die mens se sondige geaardheid om a) beginsels te verabsoluteer, en b) menslike trots, as die beginsels opsig self wat hierdie manne voorgestaan het in meeste van hul skrywes.

7. Rushdoony was 'n calvinistiese 'indepentis' in die sin dat hy nie midde die kerklike en teologies-akademiese binnekringe van sy tyd beweeg het nie. Dit was dalk een van die redes waarom hy nie so opgewonde was oor die 'kerklike strukture' van sy dag nie, en daarom dat hy heelwat krities was veral teenoor die teologiese skole. As ons kyk na ons eie tye, kan ons hom sekerlik nie kwalik neem nie, of hoe ?

Hoe dit ookal sy, indien sy gedagtes dan dalk bietjie 'ongebalanseerd' was volgens sommige kritici, heel moontlik meer in die praktyk as in teorie, is ek nogtans dankbaar dat sy groter vryheid as 'indepentis' hom toegelaat het om so baie en effektief te publiseer en sodoende 'n baie groot nalatenskap daar te stel, wat vriend en vyand kan bestudeer en nuttig kan aanwend, ook in vandag se tye.

Liewer 'n antitetiese 'ongebalanseerde' calvinus op die smal pad, as 'n kompromerende 'gebalanseerde' politieke-kerkman in die soustrein op die breë pad !

Ek moet afsluit, deur te kortliks te wys op die betekenis van Rushdoony se denke, ook vir die Suid-Afrikaanse problematiek.

8. DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE

In 1996, met die tagtigerjarige herdenking van Rushdoony se verjaarsdag, word 'n *feestschrift* uitgegee oor Rushdoony se fundamentele denke, en hoe dit verskillende terreine van die mens se aktiwiteit beïnvloed het.⁶¹

In die voorwoord, beskryf Prof. John Frame, die bekwame oud-professor van

⁶¹ Sien voetnota 6

Westminster Theological Seminary in die VSA – en gerespekteerde kritikus van die Christelike rekonstruksie 'beweging' – die belangrikheid van Dr. Rushdoony se werke in vier hoofpunte. Na aanleiding van hierdie vier hoofpunte wil ek ook wys op die belang daarvan vir S.A.:⁶²

1. Rushdoony het *Cornelius Van Til* se werke duidelik en ordelik aan 'n groter gehoor deurgegee, en dit was veral van Til se 'one and the many' wat die sleutel geword het van die Christelike rekonstruksioniste se werke oor politiek, ekonomie, teologie en metafisika. Frame skryf verder: "Ook in die samelewing, soos Rushdoony ons geleer het, is die eenheid geneig om die verskeidenheid op te eet (totalitarisme) of andersom (anargie), wanneer die samelewing oorgegee word aan valse gode. Alleen die woord van die ware God, die Trinitariese Here, kan beide orde en vryheid waarborg." Vir Suid-Afrika met sy verskeidenheid van volke en kulture beteken dit dat die eenheid van die ware geloof, wat ons vind onder elke volk, stam en nasie, nie die verskeidenheid van die verskillende kulture ophef nie. Die verskeidenheid moet egter ook nie die eenheid ophef nie, maar albei moet gehandhaaf word, gebaseer op die absolute Woord van God. Verder leer ons ook hier uit dat man en vrou, gesin en kerk, kerk en staat, ens. alleen gehandhaaf kan word as elkeen strewende na gehoorsaamheid aan God se Woord.

2. Frame wys ook daarop dat by die meeste teologiese skole, opleiding in die *Mosaïese wette* ontbreek. Dr. Rushdoony het hierdie gaping deeglik aangespreek met sy *Institutes* en sodoende weer die nodige aandag op God se Wet gevestig vir die lewe van die gelowige, en in die handhawing van 'n godvresende samelewing. Hieruit kan ons leer dat die gereformeerde geloof verder moet gaan, om in die lyn van Hand. 17:11 verder te reformeer [semper reformanda]. Dit help nie om altyd te sê Jesus Christus is Koning, en Sy wet is die hoogste gesag in leer en lewe nie, maar daar word geen eksplisiete inhoud daaraan gegee nie. Rushdoony prikkel ons om die wet-woord van God daadwerklik te oordink (Ps. 1) en toe te pas op elke terrein van lewe en denke (Jos.1, Joh.14 15). Die wet van God is nie 'n voetnota van God se Koninkryk nie, maar speel 'n sentrale rol daarin. Verder, kan ons juis die wysheid en regverdigheid van God se wette en strawwe, soos geopenbaar in die Skrif, aan ons hedendaagse misdadvernietigende samelewing voorhou. Gebed, hoop, liefde en die verkondiging van die evangelie vervang nie die handhawing van God se geregtigheid d.m.v. Sy wette in die samelewing nie, intendeel God se Wet bevestig en wys op die Evangelie.

3. Verder het Rushdoony ook opnuut gewys dat die *antitese* tussen geloof en ongeloof op elke terrein aanwesig is, ook in die samelewing. Hy het veral gewys op die geestelike en ideologiese bankrotenskap van die messiaanse publieke skool en die messiaanse welsynstaat in die VSA.

Ons Suid-Afrikaanse samelewing, a.g.v. die media soos televisie, rolprente, tydskrifte, nuusblaai, ens., volg die VSA slaafs na in hul/ons opstand teen God. Daarom is daar baie parallels te vinde in die ontwikkelinge in die VSA (veral wat opvoeding betref), wat Rushdoony treffend aanspreek. Ons sit vandag ook met 'n staat en samelewing wat god en redder op aarde probeer speel. Rushdoony skryf daarom tereg, ook vir ons situasie:

"Die staat het die verlossende instelling geword, en die doel van die skool is om hierdie nuwe evangelie van verlossing te verkondig. Hedendaagse onderwys is messiaans en as 'n utopiese beweging, deel van die Verligtingshoop om mense te red in terme van wetenskap."⁶³

⁶² In Sandlin (red.), *ibid.* p.3-5

⁶³ *The Messianic Character of American Education* (Vallecito, CA: Ross House Books, f 1063] 1095), p.4.

Die kerk, en veral die Afrikaner wat in die vorige bedeling so groot slaaf van staatsisme geword het, sal dus opnuut bevry moet word van hierdie utopiese gedagtes, en terugkeer na 'n gehoorsame lewe onder God, waar van Hom en nie van die staat of enige ander instelling, ons heil verwag word (Matt.6.33)

4. Laastens, het Rushdoony ook baie geskryf teen die hedendaagse pessimisme en verordineerde mislukking van die kerk, soos deur baie moderne calvinisme voorgestaan word. Rushdoony wys skriftuurlik en histories op die *oorwinnings* wat die Christendom ook gehad het, en die groot impak wat dit op die kultuur en geskiedenis van die mensdom gehad het. Natuurlik is daar stryd en vervolgings, maar daar is op die langtermyn oorwinning, nie net met die laaste oordeel nie maar ook in die geskiedenis. Ons lewe vandag in S. A. in 'n baie pessimistiese tyd. Baie Afrikaners het gedink die einde het aangebreek met die oorgang na die nie-Christelike owerheid in 1994. Daar is ook baie verval in gesin, kerk en in die samelewing wat nie durf mag ontken word nie, maar ons vertroue moet egter altyd bly op God wat in alles ons in Sy hande hou en ons lei deur die lewe. Ons slagspreuk moet wees, getrouheid en gehoorsaamheid aan ons roeping, en nie primêr wat die toekoms wel vir ons inhou nie. Myns insiens, gaan ons 'n tyd in waar ons opnuut die fundamente moet lê vir ons nageslag, deur ons gesinslewe en kerklewe te herstel in 'n terugkeer na God se Woord.

Dr. Rushdoony skryf tereg dat ons moet oppas om die maklike uitweg te begeer. Ons is self skuldig en het 'n samelewingsorde geërf wat God en Sy gebod verwerp het. Daar is nie nou tyd vir kitsoplossings nie. Ons sal moet besef dat as ons in hierdie goddelose tyd getrou wil wees aan God se Woord, en Sy wet wil toepas in ons hele lewe, daar wel groot opofferings en vervolgings gaan wees. Oorwinning kom nie aan hulle wat op die kantlyn staan en klippe gooi nie, maar aan hulle wat elkeen getrou op sy gebied en terrein, met die swaard in die een hand en God se Woord in die ander hand, sy eie lewe, gesinslewe, kerklewe, volkslewe, ens., weer opbou in diens en tot eer van God

Prof. John Frame -wat wel met Rushdoony verskil oor sekere aspekte van sy teologie, sluit sy waardering van Rushdoony se teologiese denke af met die volgende insiggewende woorde:

Hierdie vier punte, en menige ander, het 'n diepgaande invloed op baie mense gehad, selfs hulle wat hulself nie as Christelike rekonstruksioniste beskou nie. Daar is 'n nuwe houding te bespeur in die kerk universeel vandag, daar is 'n passie om God se Woord in detail te leer en met erns toe te pas, sonder enige kompromieë in die wêreld waarin ons lewe. Rushdoony was een van die eerste en kragtigste stemme wat hierdie houding aangespoor het. Vir dit wil ons hom erkenning gee en bid dat God hom nog veel jare van effektiewe getuienis sal gee.⁶⁴

Ons staan opnuut aan die begin van nog 'n eeu van ons Here Jesus Christus. Watter kultuurprodukte gaan ons tot Sy eer na vore bring? Myns insiens, bring elkeen van die drie denkers wat in hierdie seminaar vandag behandel is, 'n aspek na vore wat belangrik is in die handhawing van 'n Christelike kultuur wat waarlik tot eer van God kan wees. Dit is belangrik om te besef dat ons kerklewe (Schilder), ons volkslewe (Totius), en ons gemeenskapslewe (Rushdoony), almal en elkeen op God se Woord alleen gevestig moet word. Indien een of meer op valse teologieë (bv. Skrifkritiek), of valse ideologieë (bv. Israel-visie) of valse staatsbeskouings (die menseregte leer) gebaseer word, dan verval ons tereg in die verskeidenheid van dualismes wat Bavinck vir ons voorgehou het.

Dan kan daar geen harmonieuse verhouding [let wel: nie sondelose nie!] bestaan tussen openbaring en kultuur of Christus en kultuur nie.

⁶⁴ A. Sandlin (ed.), *ibid.*, p.5.

Mag ons daarom opnuut terugkeer na God se Woord, en ons konfessionele wortels, en sodoende opnuut ons roeping ten opsigte van die kultuur- en evangelie mandaat, vervul, deur Sy Woord en Gees.

Dit is daarom my gebed en hoop, dat u deur hierdie lesing en dr. Rushdoony se werke self, opnuut versterk en gemotiveer sal word om die Skrifte te bestudeer, dit u eie te maak en dan daarvolgens heerskappy te voer, daar waar God u gestel het om u kultuurtaak te volbring.

Daarom: Tolle lege!⁶⁵

9. WERKE VAN R.J. RUSHDOONY

By What Standard? 1958

Van Til 1960 (also included in By What Standard?)

Intellectual Schizophrenia 1961

The Messianic Character of American Education 1963

This Independent Republic 1964

Translation and Subversion 1964 (pamphlet)

Freud 1965

The Nature of the American System 1965

The Religion of Revolution 1965 (pamphlet)

The Mythology of Science 1967

The Foundations of Social Order 1968

The Myth of Over-Population 1969

Bread Upon the Waters 1969

Thy Kingdom Come 1970

The Politics of Guilt and Pity 1970

The One and the Many 1971a

Law and Liberty 1971b

Killing by Abortion 1971c (pamphlet)

"The Doctrine of Man" and "The Doctrine of Marriage",
(Chapters in Toward a Christian Marriage 1972)

Institutes of Biblical Law 1973a

Flight from Humanity 1973b

The Politics of Pornography 1974

The Word of Flux 1975

"The Quest for Common Ground" and "Psychology",
Two chapters in The Foundations of Christian Scholarship 1976

God's Plan for Victory 1977a (pamphlet)

Revolt Against Maturity 1977b

⁶⁵ Neem en lees !

Infallibility: An Inescapable Concept (also in Systematic Theology) 1978
Tithing and Dominion (with Edward Powell) 1979
The Philosophy of the Christian Curriculum 1981
The Roots of Inflation 1982a
Law and Society, Vol. II of Institutes of Biblical Law 1982b
Salvation and Godly Rule 1983a
The "Atheism" of the Early Church 1983b
Christianity and the State 1986
The Roots of Reconstruction 1991a
The Great Christian Revolution
(co-authored with Otto Scott and Mark R. Rushdoony) 1991b
Systematic Theology 1994
Commentary of Romans and Galatians 1997
The Intent of the Law, Vol. III of Institutes of Biblical Law (1999)
Commentary on Genesis
Commentary on Exodus
Commentary of Leviticus
Commentary on Numbers
Commentary on Deuteronomy
Sien ook die volgende webblad vir al die nuutste publikasies wat vanaf 2000 tot op hede
nog verskyn het: www.chalcedon.edu